ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2011

- Inkomste daal met 2,2% tot R196,2 miljoen (2010: R200,7 miljoen)
- Wins voor belasting op R13,1 miljoen (2010: R17,0 miljoen)
- Basiese VPA op 7,1 sent (2010: 9,8 sent)
- Wesens-VPA per aandeel op 7,0 sent (2010: 9,8 sent)
- Aantal nuwe produkte wat in die volgende ses maande geloods word, het besonder goed getoets
- Aksies om infrastruktuur en koste in lyn te bring met omset, is aan die gang
- Markleierposisie gehandhaaf

Michael van Straaten, Uitvoerende Hoof van Verimark, het gesê...

Soos voorheen verklaar, is dit onrealisties om te verwag dat die buitengewone groei in inkomste (38% en 33%) en verdienste wat oor die afgelope twee jaar deur Verimark gerapporteer is, gehandhaaf kan word. Inkomste vir die ses-maande oorsigtydperk was marginaal laer (2,2%) vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar. Dit kan toegeskryf word aan die effens stadiger loodsing van nuwe produkte op die mark. Verskeie nuwe produkte het egter onlangs uiters suksesvol getoets en sal gedurende die volgende ses-maande tydperk geloods word.

Die buitengewone groei wat in die verlede deur Verimark gerapporteer is, het groot druk op die Groep se bedryfsinfrastruktuur en die beheer van sommige van sy uitgawes geplaas. Alhoewel vordering gemaak is om hierdie uitgawes in lyn te bring met omset, kan van die verhoogde uitgawes langer neem om opgelos te word (bv ons nuwe Hoofkantoor/Verspreidingsentrum – bykans dubbel die grootte van die bestaande een – sal eers oor 12 maande voltooi word). Dit, saam met normale inflasionêre stygings in uitgawes, het veroorsaak dat wins voor belasting 23,4% laer was as in dieselfde tydperk verlede jaar.

Bestuur is daartoe verbind om die uitdagings wat verband hou met die Groep se infrastruktuur en die beheer van uitgawes, so spoedig moontlik op te los.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2011 R'000	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2010 R'000	Geouditeerde 12 maande geëindig Februarie 2011 R'000
Inkomste	**196 224**	200 732	461 654
Bedryfswins voor netto finansierings-uitgawes en belasting	**15 555**	21 216	57 738
Finansieringsinkomste	**1 055**	12	2 966
Finansieringsuitgawes	**(3 553)**	(4 182)	(11 387)
Wins voor belasting	**13 057**	17 046	49 317
Inkomstebelasting	**(5 618)**	(6 520)	(15 834)
Wins vir die tydperk	**7 439**	10 526	33 483
Ander omvattende inkomste	**–**	–	–
Totale omvattende inkomste toeskryf-baar aan eienaars van die Maatskappy	**7 439**	10 526	33 483
Verdienste per aandeel (sent)	**7,1**	9,8	31,5
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**7,0**	9,8	31,3

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2011 R'000	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2010 R'000	Geouditeerde 12 maande geëindig Februarie 2011 R'000
BATES			
Masjinerie en toerusting	**15 177**	12 105	14 200
Ontasbare bates	**14 316**	14 264	14 342
Ontvangbare lenings	**–**	312	–
Uitgestelde belastingbate	**2 643**	2 382	2 643
Nie-bedryfsbates	**32 136**	29 063	31 185
Voorraad	**53 860**	67 285	60 274
Handels- en ander debiteure	**58 392**	51 448	62 543
Voorafbetalings	**431**	684	268
Voorafbetaalde belasting	**380**	–	–
Korttermyngedeelte van ontvangbare lenings	**234**	466	234
Bank en kontantsaldo's	**1 055**	440	16 669
Bedryfsbates	**114 352**	120 323	139 988
Totale bates	**146 488**	149 386	171 173
EKWITEIT EN LASTE			
Aandelekapitaal	**346**	356	346
Aandelepremie	**21 378**	25 104	21 378
Aandeelgebaseerde betalings-reserwe	**590**	196	393
Behoue verdienste	**50 366**	35 553	58 509
Ekwiteit toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die moeder-maatskappy	**72 680**	61 209	80 626
Rentedraende laste	**7 105**	6 906	7 905
Nie-bedryfslaste	**7 105**	6 906	7 905
Handels- en ander krediteure	**38 381**	45 893	61 100
Voorkeuraandeelaanspreeklikheid	**15 917**	14 832	15 371
Korttermyngedeelte van rente-draende laste	**4 183**	1 997	3 783
Bankoortrekking	**8 222**	17 341	–
Belasting betaalbaar	**–**	1 208	2 388
Bedryfslaste	**66 703**	81 271	82 642
Totale ekwiteit en laste	**146 488**	149 386	171 173

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'000	Aandele-premie R'000	Behoue verdienste R'000	Aandeel-gebaseerde betalings-reserwe R'000	Totaal R'000
Saldo op 1 Maart 2009	368	26 730	17 821	–	**44 919**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	–	–	13 618	–	**13 618**
Transaksies met eienaars aangeteken in ekwiteit – Tesourie-aandele gehou deur Verimark (Edms) Beperk	(12)	(1 626)	–	–	**(1 638)**
Saldo op 28 Februarie 2010	356	25 104	31 439	–	**56 899**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	–	–	33 483	–	**33 483**
Transaksies met eienaars aangeteken in ekwiteit – Tesourie-aandele gehou deur Verimark (Edms) Beperk	(10)	(3 726)	–	–	**(3 736)**
IFRS 2 aandeelgebaseerde betalingstransaksie	–	–	–	393	**(393)**
Dividend betaal	–	–	(6 411)	–	**(6 411)**
Saldo op 28 Februarie 2011	346	21 378	58 509	393	**80 626**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	–	–	7 439	–	**7 439**
Transaksies met eienaars aangeteken in ekwiteit – IFRS 2 aandeelgebaseerde betalingstransaksie	–	–	–	197	**197**
Dividend betaal	–	–	(15 582)	–	**(15 582)**
Saldo op 31 Augustus 2011	**346**	**21 378**	**50 366**	**590**	**72 680**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2011 R'000	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2010 R'000	Geouditeerde 12 maande geëindig Februarie 2011 R'000
Netto kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite	**(18 410)**	(25 213)	14 789
Kontant gegenereer/(aangewend) deur bedrywighede	**7 510**	(2 340)	49 515
Dividende betaal	**(15 582)**	(6 412)	(6 455)
Finansieringsinkomste	**1 055**	12	2 966
Finansieringskoste	**(3 007)**	(3 601)	(9 970)
Belasting betaal	**(8 386)**	(12 872)	(21 267)
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(5 026)**	(5 653)	(11 419)
Verkryging van masjinerie en toerusting	**(5 115)**	(5 606)	(11 552)
Verkryging van ontasbare bates om bedrywighede in stand te hou	**(71)**	(54)	(233)
Opbrengs met verkoop van masjinerie en toerusting	**160**	7	366
Kontant(uitvloei)/invloei uit finansieringsaktiwiteite	**(400)**	225	(441)
Ontvangbare lenings ingevorder	**–**	(312)	232
Rentedraende laste aangegaan	**643**	1 288	5 894
Rentedraende laste terugbetaal	**(1 043)**	(751)	(2 591)
Terugkoop van eie aandele	**–**	–	(3 736)
Voorkeuraandeelaanspreeklikhede terugbetaal	**–**	–	(240)
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	**(23 836)**	(30 641)	2 929
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**16 669**	13 740	13 740
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**(7 167)**	(16 901)	16 669

VASSTELLING VAN TOESKRYFBARE VERDIENSTE EN WESENSVERDIENSTE

	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2011 R'000	Ongeou-diteerde ses maande geëindig Augustus 2010 R'000	Geouditeerde 12 maande geëindig Februarie 2011 R'000
Toeskryfbare wins (na belasting)	**7 439**	10 526	33 483
Verlies/(wins) met verkoop van vaste bates (na belasting)	**(74)**	36	(22)
Wesensverdienste	**7 365**	10 562	33 461
Uitgereikte aandele	**114 272 328**	114 272 328	114 272 328
Tesourie-aandele – VEET	**(4 000 000)**	(4 000 000)	(4 000 000)
Aandele gehou deur filiaal	**(6 380 870)**	(3 400 000)	(4 064 304)
Getal aandele aan tydperkeinde	**103 891 458**	106 872 328	106 208 024
Basiese verdienste per aandeel	**7,1**	9,8	31,5
Wesensverdienste per aandeel	**7,0**	9,8	31,5
Verwaterde basiese verdienste per aandeel	**7,0**	9,7	31,3
Verwaterde wesensverdienste per aandeel	**6,9**	9,7	31,3

FINANSIËLE OORSIG

Wesensverdienste per aandeel en verdienste per aandeel toeskryfbaar aan aandeelhouers vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2011 het onderskeidelik 7,0 sent per aandeel en 7,1 sent per aandeel bedra, vergeleke met wesensverdienste per aandeel en verdienste per aandeel toeskryfbaar aan aandeelhouers van 9,8 sent vir die vorige vergelykbare tydperk.

Soos aangedui in die handelsverklaring uitgereik op 6 Oktober 2011, kan die afname in die Groep se verdienste toegeskryf word aan 'n geringe afname in inkomste en 'n toename in koste.

Inkomste was marginaal 2,2% laer op R196,2 miljoen. Die redes hiervoor was die effens stadiger as te wagte loodsing van nuwe produkte (deels as gevolg van die verskerpte fokus op die aanspreek van die uitdagings met die Groep se infrastruktuur en die uitwerking daarvan op die beheer van sommige uitgawes).

Uitgawes het teen 'n hoër tempo gestyg en gegewe die marginale afname in verkope, het wins voor belasting met 23,4% afgeneem tot R13,1 miljoen. Ter opsomming, was die Groep se finansiële prestasie oor die tussentydse tydperk laer as in die vorige jaar. Dit is grotendeels te wyte aan die feit dat die besigheidsinfrastruktuur nie meer voldoende is nie as gevolg van die buitengewone groei in die vorige twee finansiële jare.

TUSSENTYDSE DIVIDEND

In die lig van die algehele handelsresultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2011 en weens die feit dat die Groep sy spits-verhandelingstydperk ingaan wanneer kontant in die besigheid gehou moet word om bedryfsbehoeftes te befonds, ag die Direksie dit raadsaam om nie 'n dividend te verklaar nie.

Dividendbetalings sal heroorweeg word ooreenkomstig die bestaande uitbetalingsbeleid na afloop van die huidige finansiële jaar.

REKENINGKUNDIGE BELEID

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is vir die ses maande, stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dit wat gebruik is in die Finansiële Jaarstate van die vorige tydperk, en is opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingskriteria van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van Internasionale Rekeningkundige Standaard 34, Tussentydse Finansiële Verslagdoening, asook die AC 500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad, die Noteringsvereistes van die JSE Beperk en die Maatskappywet 71 van 2008.

SEGMENTELE ONTLEDING

Die direkteure het die implikasies van IFRS 8 Bedryfsegmente vantevore oorweeg en is steeds van mening dat die bedrywighede van die Groep wesenlik met mekaar ooreenstem en dat die risiko's en opbrengste van hierdie bedrywighede ook soortgelyk is. Hulpbrontoewysing en die bestuur van die onderneming geskied op 'n saamgevoegde grondslag, en as sodanig word die Groep as 'n enkele saamgevoegde besigheid beskou, met die gevolg dat geen bykomende verslagdoening ingevolge IFRS 8 vereis word nie.

DIREKSIEVERANDERINGE

Daar het geen veranderinge aan die Direksie gedurende die oorsigtydperk plaasgevind nie.

DAAROPVOLGENDE GEBEURE

Daar het geen gebeure van wesenlike belang met betrekking tot hierdie verslag gedurende die finansiële tydperkeinde se datum en die datum van hierdie verslag plaasgevind nie.

VOORUITSIGTE

Gegewe Verimark se oorweldigende groei oor die vorige twee jaar, is dit nie onverwags dat die besigheid 'n konsolidasietydperk sal beleef nie.

Alhoewel die verlangsaming in verkope vir die eerste ses maande skerper as te wagte was, behoort die aantal nuwe produkte wat suksesvol getoets het en oor die volgende ses maande geloods gaan word (met insluiting van die Kersfees-verhandelingstydperk) Verimark se omsetgroei weer te aktiveer. Ons verwag ook 'n toename in die aantal opwindende nuwe produkte wat gedurende hierdie tydperk getoets word.

Voorts sal daar steeds gefokus word op die oplossing van die uitdagings wat verband hou met Verimark se bedryfsinfrastruktuur en die uitwerking daarvan op kostebeheer.

Die Groep se vooruitsigte vir die toekoms bly positief en daar word verwag dat groei in inkomste en wins sal voortgaan gegewe Verimark se groeirekord oor die afgelope 34 jaar.

Die tussentydse resultate vir die tydperk geëindig 31 Augustus 2011 is nie deur die Groep se ouditeure hersien of geouditeer nie. Verklarings met betrekking tot die Groep se prestasievooruitsigte is nie deur die Groep se ouditeure hersien of gerapporteer nie.

Op las van die Direksie

MJ van Straaten
Hoof Uitvoerende Beampte

SJ Preller
Waarnemende Finansiële Direkteur

Johannesburg
11 Oktober 2011

Verimark Holdings Limited
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienommer: 1998/006957/06
Aandeelkode: VMK ISIN: ZAE000068011
"Verimark" of "die Groep" of "die Maatskappy"

Direkteure: Dr JT Motlatsi *(Voorsitter)**, MJ van Straaten *(Hoof Uitvoerende Beampte)*
SJ Preller *(Waarnemende Finansiële Direkteur)*, JM Pieterse*
**Maatskappysekretaris:* SJ Preller
Geregistreerde kantoor: CR Swartlaan 67, h/v CR Swartlaan en Fredaweg, Bromhof Uitbreiding 48, Randburg 2194
Posadres: Verimark Holdings Limited, Posbus 78260, Sandton 2146
E-pos: investors@verimark.co.za
Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Ouditeure: KPMG Ingelyf
Borg: Grindrod Bank Limited

LEES MEER | **Vir meer inligting besoek www.verimark.co.za**

purple.frog